Hayston Road
Kimberley
8301
Privaatsak X5060
Hadisonpark
Kimberley
8306

HOËRSKOOL
NOORD-KAAP

NORTHERN CAPE
HIGH SCHOOL

Tel: (053) 832 4377
Fax: (053) 832 2176
E-mail: nch@intekom.co.za

Beste Ouer (s)

Baie geluk met u kind se toelating tot Hoërskool Noord-Kaap vir 2021. U kind sluit by 'n groen wenspan aan en ek glo dat u kind sy/haar skoolloopbaan by ons sal geniet. Ons glo ook dat hy/sy al die geleenthede om te ontwikkel en te presteer positief sal benut.

Hierby ingesluit is algemene inligting oor ons skool se klerewinkel. Ons verwag van ons gr. 8-leerders om van die eerste dag af korrek geklee te wees.

BELANGRIKE DOKUMENTE

Aansoekvorms vir koshuistoelating, die skool se inligtingsvorm asook die leerder se inligtingsvorm moet teen 14:00, Dinsdag die 2de Februarie 2021 by die skool ingehandig word.

'n Afskrif van die leerder se mees onlangse skoolrapport, albei ouers se identiteitsdokumente, die leerder se geboortesertifikaat en bewys van adres moet ook by die vorms aangeheg word.

ORIËNTERING

Neem asseblief kennis dat die oriëntering vir die graad 8-leerders van 15 Februarie tot 19 Februarie 2021 sal plaasvind. Dit is NIE ontgroening nie. Tydens hierdie oriëntering kry leerders die belangrike inligting rakende die agtergrond, tradisies, gebruike rondom die skool en skoolreëls.

KLEREDRAG

Behalwe vir die amptelike skooluniform, moet elke graad 8-leerder ook die skool se groen "baggy"-broek en die skool se grys gholfhemp aankoop. Beide hierdie kledingstukke is dienlik en duursaam en word by baie geleenthede gebruik. Leerders wat aan sport deelneem, moet ook die skool se amptelike sweetpak aanskaf.

GELDE BETAALBAAR

Die volgende verpligte fooi van **R270.00**, is **voor/op 15Februarie 2021 betaalbaar.** Hierdie fooi dek die koste van die T-hemp, skryfbehoeftes, 'n dagboek (elke leerder moet ons skool se dagboek hê) en die klokseremonie. Let daarop dat beurshouers en leerders wat aansoek gedoen het om kwytskelding/afslag van skoolfonds, ook hierdie fooi moet betaal.

BANKBESONDERHEDE

Hoërskool Noord-Kaap
ABSA
Tjekrekening
Rekeningnommer: 1061930091
Takkode: 500902

Gebruik asseblief u kind se naam en van, asook "Graad 8 – 2021" as verwysing.

KLOKSEREMONIE

Die klokseremonie vind op **3 Maart 2021** plaas. Alle graad 8-leerders moet hierdie geleentheid in hul skooluniform bywoon. Ongelukkig word geen ouers by hierdie geleentheid toegelaat nie. Die klokseremonie word opgeneem en sal op 'n latere stadium per DVD beskikbaar wees.

Die klokseremonie begin om 17:30 en eindig 19:30. Leerders moet reeds om 17:00 by die skool aanmeld. Die klokseremonie is een van HNK se belangrikste tradisies waar die graad 8-leerders 'n register teken en die klok gelui word om 'n aanduiding te gee dat hy/sy nou 'n volwaardige ADNITOR is.

Wanneer die leerder klaar ingeteken het, mag hy/sy verdaag. Leerders wie se vanne met A - L begin, mag tussen 17:45 en 18:30 afgehaal word. Leerders wie se vanne met M - Z begin, kan tussen 18:30 en 19:30 afgehaal word. Wees asseblief betyds.

NAAMPLAATJIE

Elke graad 8-leerder moet 'n naamplaatjie (A4-grootte) om hul nek op 15 en 16 Februarie 2021 dra. Die leerder se naam moet duidelik op die naamplaatjie geskryf wees.

Blaai om asseblief

TOEGANG

Graad 8-leerders moet deur die klein hekkie aan die voorkant van die skool beweeg. Leerders word daar gesaniteer. Die UK- lede sal die leerders by die hek ontvang en na die graspek voor die tennisbane neem, waar Mev. Smit hulle sal verwelkom.

"BOX OF HOPE"

Ons wil graag die graad 8-leerders by ons Rotariër-uitreik betrek. Ons vra dat elke leeder 'n blikkie nie-bederfbare kos op 15 en 16 Februarie 2021 saambring skool toe. Die blikkies kos sal aan behoeftiges geskenk en oorhandig word. By voorbaat dankie.

SKRYFBEHOEFTES

- Blou pen
- Potlood
- Pritt
- Liniaal
- Krammasjien
- "Highlighter"
- Uitveër
- Sakrekenaar- Casio fx-82ZA PLUS
- Wiskundestel
- "Flip file" (30 bladsye)
- Eksamenblok

BAIE WELKOM IN DIE HNK-FAMILIE!!

O.W. DU PLOOY
SKOOLHOOF (WAARNEMEND)